

■ Jy kán inflasie troef!

Inflasie is beleggers se grootste vyand en is stadig besig om weer sy kop te lig te midde van groeiende onsekerheid, plaaslik en internasionaal.

Dit volg nadat die verbruikersprysindeks (VPI) in Desember bo alle verwagtinge van 6.6% tot 6.8% toegeneem het – die hoogste vlak in tien maande en hoër as die Reserwebank se teikenkoers van tussen 3 en 6%. Die mark het hoogstens 'n koers van 6.5% verwag.

Die groot kommer is voedselprysinflasie wat met byna 12% toegeneem het en wat sowat 15% van die VPI inflasiemandjie uitmaak.

Inflasie kon selfs erger gewees het, was dit nie vir die rand wat die afgelope twaalf maande met bykans 20% teen die dollar verstewig het nie.

Hoe raak hoër inflasie ons ekonomie?

- Die koste van plaaslike vervaardiging, en dus plaaslike produkte, styg.
- Uitvoer word negatief geraak, wat laer wins en werkverliese kan beteken.
- Die handelsbalans word negatief beïnvloed.
- Mense met 'n vaste inkomste bestee minder, omdat inflasie hul koopkrag laat krimp.
- Dit skep ekonomiese onsekerheid wat kan lei tot gedempte ekonomiese groei en toenemende werkloosheid.
- Dit het 'n negatiewe effek op lae-inkomste huishoudings en bejaardes omdat die prys van verbruikersitems of -dienste – soos kos, krag en water – toeneem.
- Baie mense se koopkrag verminder, omdat baie maatskappye salarisverhogings vries en nie meer bonusse betaal nie.

Dit mag dalk 'n troos wees dat die huidige inflasiekoers steeds laer is as Suid Afrika se gemiddelde inflasiekoers van 9.24% oor die afgelope vyftig jaar. Die hoogste koers was 20.9% in Januarie 1986 en die laagste koers 0.20% in Januarie 2004.

Inflasie het nogtans ernstige implikasies wanneer dit kom by die beplanning van jou aftrede of as jy reeds afgetree het en magteloos moet aanskou hoe inflasie stelselmatig die waarde van jou geld verminder.

Selfs met 'n lae inflasiekoers van slegs 3% per jaar is die impak op geld en aftrede skrikwekkend. As jy byvoorbeeld vandag R1 000 neem en dit twintig jaar lank in jou kluis los, sal dit teen 'n inflasiekoers van 3% per jaar dan slegs R544 werd wees – bykans die helfte van die oorspronklike waarde.

Die 72-reël

Deel 72 deur die verwagte inflasiekoers. Die eenvoudige berekening word dikwels gebruik om by benadering vas te stel hoe lank dit sal duur voordat die koopkrag van jou geld teen 'n sekere verwagte inflasiekoers gehalveer sal word.

Byvoorbeeld, teen 7% inflasie halveer die waarde van jou geld elke 10 jaar. As die gemiddelde inflasie van 6.4% in 2016 geneem word, dan sal dit skaars elf jaar duur voor jou geld halveer.

As inflasie ons grootste vyand is, dan is saamgestelde groei ons grootste vriend. Daarmee groei nie alleen jou kapitaal nie, maar jy verdien ook groei op jou opbrengste. Dit is waar tyd 'n kritieke faktor is. Hoe langer jy belê, hoe groter is jou opbrengs. Anders gestel, hoe vroeër jy begin, hoe gouer en groter sal jou welvaart wees.

Saamgestelde groei is 'n kragtige welvaartskepper en 'n sterk teenvoeter teen die aanslag van inflasie. Dit kan maklik 'n klein neseier in 'n skat verander. Daarom word dit deur beleggingskenners as die twee belangrikste woorde in die beleggingsbedryf beskou.

Om oornag ryk te word is 'n mite. Dit neem tyd, geduld en finansiële dissipline om die volle voordele van saamgestelde groei te benut, maar dis sonder twyfel die sekerste manier om langtermyn welvaart te skep!

Ecsponent se Klas B kapitaalgroeiplan is 'n goeie voorbeeld van hoe groei op groei vir jou werk. Dit bied 11.2% per jaar maar 14% per jaar of 70% groei as die belegging vir vyf jaar gehou word. Dit klop dus inflasie behoorlik en verseker dat jy jou lewensstandaard nou en ook op jou oudag sal kan handhaaf.



Mag van dissipline

Selfdissipline is die sleutel tot jou welvaart vir die toekoms.



Jy sal suksesvol wees in jou poging om welvaart te skep, mits jy die dissipline het om vroegtydig die regte geldkeuses te maak en nie toelaat dat terugslae jou ontspoor nie.

Vir jong mense voel die lewe vorentoe soos 'n ewigheid en hul oudag voel so ondenkbaar ver dat hulle nie besef hulle moet nou reeds beplan vir die jare wanneer hulle nie meer in staat gaan wees om geld te verdien nie.

Dit is eers wanneer aftrede jou in die gesig staar dat jy mag agterkom jy het dalk nie genoeg voorsiening gemaak vir jou herfsjare nie. Sels op 65 jaar is jy nog nie heeltemal in 'n krisis nie, maar die probleme begin wanneer jou gewone aftree-inkomste begin krimp het en jy op latere ouderdom te oud of te siek is om nuwe bronne van inkomste te skep. Dan raak jy aangewese op die goedgesindheid van andere, omdat jy deel van die 94% van mense is wat nooit ware geldelike dissipline bemeester het nie.

Hoe gouer jy geldslim raak en besef dat geldelike dissipline en beplanning hand aan hand gaan, hoe beter. Met hierdie beginsel werk jou geld vir jou en sal jy lewenslank die vrugte daarvan pluk.

Wat is geldelike dissipline?

Daar is vier hoekstene wat geldelike dissipline vir almal moontlik maak:

1 Motivering

Daar moet 'n sterk begeerte wees om finansiële onafhanklik te word. Jy moet glo dit is moontlik en voortdurend aan jouself bevestig dat dit wel gaan gebeur.

2 Selfondersoek

Wees eerlik en bepaal waar jou persoonlike finansiële leemtes is, soos te veel skuld of paaiemente wat nie betyds betaal word nie. Dalk het jy 'n begroting maar volg dit nie. Skryf dit neer en die stappe oor hoe jy dit gaan verander. Stel mikpunte en bepaal spertye, sodat jy by jou begroting hou en jou mikpunte behaal.

3 Doelwitte

Jy moet weet waarna jy mik om daarby te kan uitkom. Kry 'n visie of bloudruk vir die volgende twaalf tot agttien maande van jou finansiële toekoms en teken dan jou finansiële padkaart sodat jy weet waarheen jy op pad is en daarvoor kan beplan. Werk van kleiner na groter uitdagings.

4 Volharding

Wees streng met jouself, maar weet ook daar is altyd terugslae. Moenie moed verloor as dit gebeur nie. Sien dit eerder as uitdagings en kom so goue as moontlik weer

op koers met jou planne. Dit verg dissipline, maar eintlik is dit ook pret om kreatief te wees en 'n struikelblok in 'n bousteen te omskep. Behou te alle tye jou geesdrif en geloof dat jy jou doelwitte sal bereik.

Ecsponent het 'n spesiale lêer saamgestel waarin jy alles omtrent jou finansiële sake kan dokumenteer. Dit dien ook as gids om jou doelwitte op skrif te stel en te monitor hoe jy daarby hou. **Kontak ons as jy graag een van hierdie lêers wil ontvang.**

Knyp die eerste rande af

Mense maak die fout om te "probeer" spaar van dit wat maandeliks oorbly en as niks oorbly nie, spaar hulle niks nie. Doen dit andersom. Betaal jouself altyd eerste en bestee dit wat oorbly. Teken 'n debietorder om elke maand te spaar, al is dit net R100 per maand. Dit is die dissipline wat jou spaargeld sal laat toeneem. Met ander woorde, dit gaan nie oor hoeveel jy spaar nie, maar oor hoe vroeg jy begin spaar. Beplanning en dissipline gaan hand-aan-hand in die proses om welvaart te skep.

'n Belegging van R100 per maand wat saamgestelde groei van 12% per jaar verdien, sal ná veertig jaar R1,2 miljoen beloop. Dink nou net wat sal gebeur as jy kan afskop met R500 per maand wat jaarliks met inflasie aangepas word!

Indien jy skuld het, is dit uiters belangrik om dit heel eerste uit die pad te kry. Moenie skuld as verskoning gebruik om nie te belê nie. Werk 'n plan uit om jou skuld te delg sodat jy die pad baan om vir jou toekoms te belê.

Begroot vir jou eerste belegging

Begin deur 'n aparte spaarrekening te open – die eerste stap van jou begroting. Gebruik jou gewone bankrekening vir alledaagse uitgawes en die tweede is vir jou spaargeld wat minder toeganklik is. Sodra daar genoeg spaargeld is, kan jy 'n belegging maak.

By Ecsponent is die minimum bedrag net R10 000 om in Klas B 'n kapitaalgroeibelegging te maak en na vyf jaar sal dit R17 000 werd wees.*

Onthou 'n klomp klein beleggings maak 'n groot som geld. Hou aan om jouself te betaal en maak dit 'n gewoonte. Op dié manier koop jy vir jouself beleggingstyd.

Bou voort op jou geldslim-kennis wat jy hierdeur opdoen en maak geldelike dissipline deel van jou lewe. Dit is jou boustene tot welvaart en 'n sorgvrye finansiële toekoms.

*Bepalings en voorwaardes geld.



[ecsponent.com](https://www.ecsponent.com)

Suid Afrika:

info@ecsponent.com • 087 8080 100 • Acacia House, Green Hill Village Office Park, Cnr Botterklapper and Nentabos Street (off Lynnwood Road), Pretoria

Swaziland:

swaziland@ecsponent.com • +268 2417 1616 • 7 The Gables, Ezulwini, Swaziland

Botswana:

botswana@ecsponent.com • + 267 391 8756 • 6th Floor, Exponential Building, Plot 54351, New CBD, Gaborone, Botswana

Hierdie inhoud is uitsluitlik voorsien ter inligting en moet nie as beleggingsadvies geag word nie.